

DISKUSSIE

Prof. M. A. Kruger vra:

'N BLYWENDE TEOLOGIESE ONDERSTROMING
ONDER GEREFORMEERDES ?

INLEIDING

Duidelike tekens van 'n nuwe rigting

Sedert 1978 het dit al duideliker geword dat daar 'n nuwe teologiese onderstroming onder ons Gereformeerdes gekom het. Dit raak die homogene karakter onder lidmate in die GKSA-gemeenskap op 'n unieke wyse in die geskiedenis. Dit skyn asof die nuwe rigting tot 'n groot mate herhaal wat die NGKSA deurgegaan het in hulle stryd teen die Metodisme. Verskillende strominge het saamgevloei om hierdie nuwe stroming te laat ontstaan. Uiteindelik moet 'n mens dit kwalifiseer as 'n pentekostalisties-metodistiese stroming. Die Pentekostalisme is histories natuurlik ook nou verwant aan die Metodisme. Oorreaksie teen die Metodisme waardeur o.a. die gevoelselement in die godsdiens nie tot sy reg gekom het nie, was 'n belangrike stimulus vir die nuwe rigting. *Die Kerkblad, Woord en Daad, Publikasies van die Instituut vir die Bevordering van die Calvinisme*

Die ontwikkeling van die nuwe rigting kan duidelik gesien word in aanhalings uit *Die Kerkblad, Woord en Daad* en ook uit 'n publikasie van die IBC waarop Gereformeerdes nie besonders gereageer het nie. Dit stem 'n mens onrustig. Wie swyg stem toe, sê die Hollanders. Uit eie ervaring kan ek dit aanvaar dat die gemiddelde dominee en lidmaat dit oitsien om in 'n blad soos *Die Kerkblad* te reageer teen verkeerde strominge.

In *Die Kerkblad* is in die afgelope jare besondere aandag gegee aan die Heilige Gees en sy werk. Prof. P. W. Buys het in die uitgawes van 29 April en 6 Mei 1981 pertinent en dringend teen Pentekostalisme gewaarsku. Dit blyk egter al meer dat hierdie nuwe rigting nie maar in die algemeen tereggewys kan word nie en dat ons dit ook nie maar deur middel van meerdere vergaderings of strukture moet doen nie, maar dat ons soos Adams¹ sê, moet praat, en reguit en op die man af met mekaar daarvoor moet praat.

Wortels

Die wortels van die nuwe rigting in ons geledere gaan verder terug as 1978. Drie leidende verteenwoordigers daarvan is m.i. proff. J. A. van Rooy, L. Floor en Bennie van der Walt. Al drie het 'n besondere belangstelling in Kwa-Sizabantu wat baie bydra tot bevordering van Pentekostalisme. Van Rooy en Floor werk al 'n jaar of twintig saam in die sending van die Christelike Gereformeerde Kerken in Venda. Dit is ook waar dat juis 'n piëtistiese rigting in die Christelike Gereformeerde Kerken baie nou aansluit by die nuwe rigting met sy pentekostalistiese aard.

Belydenis

Van Rooy en Floor bly in verreweg die meeste van hulle werke 'n suiwer gereformeerde lyn vashou. Die nuwe lyn is dus eintlik 'n kruisstroming waardeur daar 'n soort gespletenheid in hulle teologie geopenbaar word. Hierdie gespletenheid is ook eie aan die Piëtisme binne die Christelike Gereformeerde Kerken.

Bewus van andersheid

Dit is opmerklike dat Van Rooy, Floor en Van der Walt duidelik bewus is van hulle andersheid en daar is tekens dat van hulle op die ingeslane weg wil volhard. Hulle glo opreg dat hulle so die koninkryk van die Here die beste dien. Floor is so bewus van die nuwe rigting dat hy sedert 1980 herhaalde kere gewaarsku het teen kerkskeuring. In DK van 14 Okt. 1981 waarsku hy weer teen kerkskeuring en pleit vir verdraagsaamheid: „Niemand kan ontken dat daar by ons verskillende sieninge is nie. Ons mag egter mekaar nie wantrouend beskuldig nie. Ons moet ook nie uitdagend ons saak verdedig nie. Dan verdwyn die liefde. Dan is die vertroue weg.... Kom ons aanvaar mekaar soos Christus ons tot heerlikheid aanvaar het (Rom. 15:7.)” In dieselfde tyd waarin hy die artikel geskryf het, het ek tevergeefs probeer om in DK te protesteer teen die artikels van Van der Walt in DK van 22 en 29 Julie 1981. My artikels is weens vorm, inhoud en verwysing na 'n ander blad geweier. As lid van die redaksiekommissie was Floor seker ook bewus van my poging. Die vraag is egter of sommige van Van der Walt se opvattinge rustig langs die gereformeerde rigting gestel kan word.

Floor se herhaalde waarskuwing teen kerkskeuring laat 'n mens vra hoe sterk hulle hulle andersheid beleef? Word daar reeds van kerkskeuring gepraat? Indien wel, uit watter oord kom die gedagtes van kerkskeuring? M.i. is dit onverantwoordelik en onvanpas om maar net aan kerkskeuring in hierdie situasie te dink.

Ek wil bogenoemde beweringe met enkele aanhalings en verwysings uit wat my in my gewone leesprogram opgeval het, staaf. Ek wil duidelik stel dat ek nie navorsing gedoen het om die omvang van die nuwe rigting te bepaal nie.

SOLA GRATIA OF REMONSTRANTS EN PENTEKOSTALISTIES ?

In Julie 1978 verskyn 'n artikel van prof. Bennie van der Walt in *Woord en Daad* waarin hy skryf: „Uit die geskiedenis van Kwa-Sizabantu kan ons egter.... leer.... Solank ons self nie gereinig is nie, kan die Gees nie in ons woning maak en kragtig deur ons werk nie.” Hierop het ek gereageer in DK van 20 Sept. 1978. Ek het probeer aantoon dat hierdie opvatting die Heilige Gees afhanklik maak van die mens en daar nie maar net op heiligmaking appelleer word nie. (Vir wyer bespreking vgl. DK 20 Sept. 1978). Ek neem aan dat Van der Walt in sy beskouings volhard omdat hy nie reageer het (na my beste wete) op my kritiek van 20 Sept. 1978 nie, maar in DK van 22 en 29 Julie 1981 weer dieselfde opvattinge herhaal. Hy stel dit so: „Is dit (die geluid soos van 'n rukwind en die tonge soos van vuur — MAK) nie dalk 'n

teken dat die HERE aan hulle wil duidelik maak dat, voordat sy Gees by hulle intrek, daar eers deeglike skoonmaakwerk gedoen moet word nie?"² Ek meen dat ons hierin 'n remonstrantse dwaling en/of die leer van die sg. „second blessing” aantref.

Van der Walt se Pentekostalisme kom op heelwat meer punte uit in sy artikels van Julie 1981. Trouens, dit is m.i. die sterkste pentekostalisties-gekleurde artikels wat nog ooit in DK verskyn het en dit minder as drie maande na prof. P. W. Buys se dringende waarskuwing. In die lig daarvan is dit tyd om te besin.

METODISME EN PENTEKOSTALISME VIA R A. TORREY

In Maart 1979 verskyn 'n artikel van prof. J. A. van Rooy oor *Sendingwerk: Wat, Waarom, Wie, Hoe?* wat Van der Walt as IBC-studiestuk 135 publiseer. In hierdie stuk spreek die *pentekostalistiese perfeksionisme* duidelik uit die volgende bewering: „As ons so ‚heilig en sonder gebrek’ is, sal ons lewe as gemeente en as gelowiges die wat nog nie verlos is nie, na die Here Jesus toe trek”³. Dis 'n kondisionele stelling en nie 'n hipotetiese stelling nie. Die *doel* wat in Ef. 1 : 4 opgesluit lê, word hier in 'n *voorwaarde* omgesit om gelowiges na die Here te trek. Tereg sê Grosheide^{4a} dat ons nie as gelowige mag lees dat ons heilig en sonder gebrek moet *word* nie, maar moet *wees*. Ons mag ons heiligmaking nie uitstel of traag nastreef omdat ons heiligmaking eers as 'n eskatologiese gawe ten volle sal ontvang nie. Nee, ons moet nou daarna jaag. Terwyl dit egter die doel is waarna ons jaag (Mat. 5 : 48), kan ons nie daarvoor wag voordat ons sendingwerk wil gaan doen nie. Wanneer ons die dag heilig en sonder gebrek is, doen ons nie meer sendingwerk nie. Nee, die Here doen sendingwerk deur sondige mense wat bewus is van en berou het oor hulle sonde, mense wat glo dat hulle verlos is in Jesus Christus en jaag na die einddoel.

Wanneer Van Rooy die sendingbevel ondergeskik maak aan die gesindheid van die hart⁴ kom dit vir my ook op Pentekostalisme en 'n neiging tot perfeksionisme neer. Die sendingbevel mag en moet niemand meganies tot sending dwing nie, maar tog het die Here 'n bevel in sy wysheid in sy Woord laat opteken. Ons het die bevel nodig. Die Here doen nie met heiliges sending nie, maar met gelowige sondaars. Die sendingbevel mag nie onderbeklemtoon word soos Van Rooy dit doen nie.

Metodisme, Pentekostalisme en „second blessing”

Van Rooy beveel die boek van Torrey oor die Heilige Gees⁶ sterk aan. Uit hierdie publikasie straal die Metodisme duidelik. Timo Kriel het Torrey se boek oor die gebed⁶ in 1963 die eerste druk in Afrikaans laat beleef met 'n tweede druk in 1965. In 1967 het hy Torrey se „Die Heilige Gees, Wie Hy is en wat Hy doen” laat verskyn in Afrikaans. Laasgenoemde werk het al vir 'n tweede en 'n derde keer verskyn. Sou Van der Walt hierdie boek van Torrey gelees het en navolg?

Torrey aanvaar volwasse-doop as die enigste doop wat volgens God se wil is⁷. (Van Rooy het my reeds mondelings meegedeel

dat hy nie met Torrey in alles saamstem nie, soos dit hier die geval is). Van Rooy sê egter van die boek van Torrey oor die Heilige Gees . . . : „Om getuies te kan wees, moet ons toegerus wees met krag van die Heilige Gees . . . Vir verdere studie verwys ek u na die kostelike en boeiende boekie van dr. R. A. Torrey . . .”⁸. Hy verstrek selfs die adres waar dit verkry kan word. Waarom gaan Van Rooy by alle gereformeerde literatuur verby en beveel hy hierdie boekie so sterk aan? Torrey staan in die werkie onmiskenbaar die leer van die sg. tweede seën en metodisme voor. Byna die helfte van die boek handel oor wat die doop met die Heilige Gees (vir Torrey die tweede seën) beteken en wat ’n mens moet doen om met die Heilige Gees gedoop te word. Jonker⁹ sê van Torrey en Finney dat hulle tot die Amerikaanse heiligheidsbewegings behoort en dat hulle voortdurend aangedring het dat die gelowige vervulling met die Heilige Gees as ’n tweede stap moet seek. Jonker meen dat Metodisme die moeder is van Pentakostalisme.

Enkele aanhalings uit die boek van Torrey oor die Heilige Gees kan die karakter daarvan laat blyk:

Eerstens: „So kom ons te staan voor die allerbelangrikste vraag: ‚Wat moet ons doen ten einde die Doop met die Heilige Gees te ontvang? Dit is ’n vraag van geweldige belang, maar dit is ’n vraag waarop die Woord van God duidelik antwoord gee. Die Woord van God dui ’n baie duidelike weg aan wat bestaan uit ’n paar eenvoudige stappe wat enige persoon kan volg en DIT IS ABSOLUUT SEKER DAT ELKEEN WAT HIERDIE STAPPE VOLG, ‚MET DIE HEILIGE GEES GEDOOP’ SAL WORD.”¹⁰ (Hoofletters van Torrey). Hy gee dan sewe stappe uit tekste in die Bybel afgelei, veral uit Handeling 2 : 38.

Tweedens: „Nou Petrus se stelling hier (Hand. 2 : 38 — MAK) is net so positief soos myne. Hy sê dat, as ons sekere dinge doen ons ‚die gawe van die Heilige Gees sal ontvang’. Watter reg het ons dan om te sê dat, as ons hierdie dinge doen, ons miskien die gawe van die Gees mag ontvang? Daar is geen miskien in die saak nie. Ons sal beslis”¹¹. Hier word die ontvangs van die Heilige Gees nie net as ’n tweede seën voorgestel nie, maar terselfdertyd moet die mens voorwaardes vervul om te verseker dat hy met die Heilige Gees gedoop sal word.

Hand. 2 : 38—39 lui soos volg: „En Petrus sê vir hulle: Bekeer julle en laat elkeen van julle gedoop word in die Naam van Jesus Christus tot vergewing van sondes, *en* julle sal die gawe van die Heilige Gees ontvang. Want die belofte kom julle toe en julle kinders en almal wat daar ver is, die wat die Here onse God na Hom toe sal roep.” Floor voeg na die *en* wat ek in vs. 38 onderstreep het *dan* in¹². Sy verklaring daarna is egter suiwer en dit is baie duidelik dat hy nie wanopvattinge i.s. die doop met die Heilige Gees het nie. Van der Walt gebruik hierdie gedeelte heeltemaal verkeerd. Hy skryf: „Bekeer julle laat julle doop. *Dan* sal ook julle die Heilige Gees as gawe ontvang.” (Ek onderstreep, MAK). Daarna gee hy ’n verdere beskrywing waaruit ’n mens sou kan aflei dat sy gedagtes oor die doop, die doop met die Heilige Gees en vervulling met die Heilige Gees nie volgens suiwer Skriftuurlike

lyne is nie ¹³. Hy gee geen blyke dat hy die *want* van vs. 39 behoorlik raakgesien het nie. Gevolglik beteken die feit dat hy *en* met *dan* vervang dat hy die aksent laat oorgaan van God wat die Heilige Gees gee, na die mens wat voorwaardes vervul en so verseker dat hy die Gees ontvang.

PENTEKOSTALISME, METHODISME, PIETISME EN DIE VERDELING VAN DIE GEMEENTE

Die Pentekostaliste laat die gemeente uiteenval in twee hoofgroepe, die gewone gelowiges en die wat die Heilige Gees ontvang het. Die ou Metodisme het weer die gemeente anders verdeel. Hulle het soos die ou CSV sending gedoen in die gemeente. So het hulle aanvaar dat 'n gemeente van gelowiges tog weer uiteenval in gelowiges en ongelowiges, sonder dat laasgenoemde deur die tug as hipokriete uitgewys is. Vanuit die verset in die Christelike Gereformeerde Kerken teen die valse gerustheid wat hulle aan die leer van die veronderstelde wedergeboorte en 'n meganiese verbondsoopvatting toeskryf, verdeel hulle die gemeente in 'n getal ware gelowiges en 'n getal hipokriete. Hierin word terselfdertyd 'n piëtistiese trek vertoon. Die gelowiges is min of meer die wat heilig lewe en die „ander” is min of meer die hipokriete.

Die Bybel sê duidelik dat daar hipokriete in die kerk is. Hulle word egter openbaar wanneer hulle self uit die kerk gaan (1 Joh. 2:19) of wanneer die tug hulle uitwys. God sal verder in die gerig openbaar maak wie hulle is. Die kerk kan nie die innerlik beoordeel nie, maar aanvaar die belydenis van geloof. Gelowiges moet mekaar nie as moontlike hipokriete benader nie, maar as mede-gelowiges en mede-sondaars aanvaar wat opgebou moet word. Die kerk moet nie mekaar se geloof betwyfel en bevraagteken nie, maar mekaar aanvaar.

Kenmerkend van die nuwe rigting is dat die geloof van baie belydende gelowiges in twyfel getrek word. By die gelowiges self word ook deur gesprekke twyfel oor hulle geloof gewek. Hulle aanvaar nie die gelowige as gelowige totdat die teendeel blyk wanneer 'n persoon openlik sy belydenis verloën of die tug verwerp nie. Op grond van 'n heiligheidsgraad word die geloof aanvaar of betwyfel. I.p.v. dat 'n belydende lidmaat aan tug onderwerp word, word met of sonder 'n verdere diagnose sending by hom gedoen. Daarvoor is in die jongste tyd ook die metodistiese diagnose-metode van EE3 gebruik. Die persoon word 'n slagoffer van die metode en bely dinge i.s. sy eie sg. ongelooft wat hy andersins nooit sou gesê het nie.

Die twyfel wat by die gemeente gewek word oor die eie geloof is iets anders as Skriftuurlike geloofsondersoek of selfondersoek. In hierdie omstandighede begin die wat „heiliger” is nou sending-werk doen by die wat „nie so heilig” is nie. Wortelbeking word die mikpunt i.p.v. opbou van die geloof in die gemeente. Van Rooy erken implisiet dat hy so met die EE3-metode binne kerke sending doen ¹⁴. Voorstanders van die nuwe teologiese onderstroming waarsku nie net teen die gevaar dat meganiese belydenis van geloof

afgelê word nie, maar die belydenisaflegging van mense in sommige kerke word soms summier verwerp.

'n Beroep op Calvyn

Floor meen dat hy hom op Calvyn kan beroep vir 'n persentasieberekening van hoeveel hipokriete daar in die kerk is. Hy skryf: „Calvyn noem die ongelowiges met 'n versamelnaam hipokriete (of skynheiliges) en — ons moet maar nie skrik nie — Calvyn het selfs pogings onderneem om hulle persentasie in die gemeente te bereken. In sy *Institusie* skat hy hulle getal op 80 persent (3.24.12). In sy preke is hy nog meer pessimisties. Daar kom hy tot die besyfering dat (syns insiens) slegs 10 persent van die lidmate van die gemeente vry van ongeloof geag kan word (C.R. 33:43; 35, 605). Ons kan natuurlik sê: die kerk in Calvyn se dae was voluit 'n volkskerk maar dan moet ons tog wel vir onself vra of ons as Gereformeerde Kerk nie hier en daar ook reeds trekke van 'n volkskerk vertoon nie.” Hy meen ook dat Calvyn vier groepe mense in die kerk onderskei¹⁵.

Calvyn se verhouding 80 — 29 sien egter op die verhouding tussen die wat in 'n sendingsituasie die Evangelie verwerp (80) en die wat dit aanneem (20). Dis nie 'n verhouding binne die kerk nie. Oor die wat wel in die kerk is, gee Calvyn geen verhouding tussen hipokriete en ware gelowiges nie. Floor verwar verder twee gebruike van *ongeloof*. Die ongeloof wat by 90 persent nog sou voorkom, maak nie van hulle heidene nie. Nee, dis die ongeloof wat ook nog die ware gelowiges in hulle onvolmaaktheid aankleef. Die vier groepe waarin hy meen dat Calvyn die kerk verdeel dek die hele mensheid en nie net die kerk nie.

In verband met hierdie persentasieberekening van Calvyn is daar tog sake wat 'n mens verontrus. Drie professore het hulle ernstige bedenkinge uitgespreek oor sy Calvyninterpretasie. Desnieteenstaande laat Floor dit net so publiseer. Nadat daar diskussie oor die saak gekom het, skryf Floor nog weer as antwoord: „Ek kan in verband met my Calvyn-interpretasie wys op J. Douma en W. H. v. d. Vegt... Th. Werdermann... red. J. Bohatec... A. Ganoczy... W. Krusche... Wanneer ek dus Calvyn verkeerd gelees het, kan ek my troos met die gedagte dat ek nie die enigste is nie. Groot Calvynkenners het dan dieselfde fout gemaak¹⁶. Ek kom slegs laasgenoemde twee bronne en Calvyn nagaan om Floor se weergawe te kontroleer. Dit staan soos 'n paal bo water dat hy hulle verkeerd gelees het.

I.v.m. inlywing in Christus bevorder Floor beslis 'n ongesonde twyfel by die gemeentes: „Dikwels word gevra: Maar hoe kan iemand wat in die verbond is en wat in Christus ingelyf is, dan nog verlore gaan? Calvyn antwoord in sy kommentaar op Romeine 11:22 soos volg: Daar is drieërlei inplanting en tweërlei afsnyding. Die kinders van die gelowiges is in Christus ingeplant, want aan hulle kom die belofte volgens die verbond toe. Ingeplant word ook hulle wat die saad van die Evangelie in hulle ontvang, maar dan sodanig, dat dit geen wortel kry nie en verstik word alvorens

dit tot vrug kom. Die uitverkorenes is in Christus ingeplant, dis hulle wat deur die onveranderlike voorneme van God tot die ewige lewe verlig word. Die eerstes word afgesny, wanneer hulle die belofte wat aan die vaders gegee is, verwerp. Die tweedes word afgesny, wanneer die saad van die Evangelie in hulle verdor en verderf (Stemmen uit Geneve, 3, p. 253)"¹⁷.

Maar wat staan daar werklik in die bron? Calvyn sê nie dat die eerste twee groepe *in Christus* ingelyf is nie. Selfs van die derde sê hy dit hier nie eksplisiet nie, maar wel dat hulle deur die Heilige Gees verlig is. Hulle alleen is dus in Christus ingelyf. Floor haal Krusche aan: „Calvin onderskeidet eine driefache Form der Inisio”. Hy vertaal hierdie aanhaling dan soos volg: „daar is volgens Calvyn ’n drievoudige inplanting of inlywing *in Christus*”¹⁸ (onderstreping — MAK). Krusche voeg hier net soos Calvyn nie *in Christus* by nie. Trouens hy sê juis: „Freilich sind Einpflanzung in das corpus Christi mysticum und Einpflanzung in die Kirche nicht ohne weiteres identisch — . . .”¹⁹. Die manier waarop Floor in sy omgang met bronne volhard om sy standpunt te verdedig, moet m.i. groot verwarring bring by die gemeente. In Sondag 7 van die Heidelbergse Kategismus, vr. 20 bely die gemeente dat alleen hulle gered word wat deur ’n ware geloof in Christus ingelyf is.

Floor bedoel nie om die leer van die volharding van die gelowiges aan te tas nie. Ek glo van harte dat hy dit net so sterk vashou soos ek. *Die Kerkbiad* wil hieroor egter nie verdere diskussie toelaat nie en laat al die onduidelikheid net so in die midde van die gemeentes hang²⁰.

’n Soortgelyke verkeerde interpretasie as dié van Floor vind ’n mens by Cornelis Pronk²¹. Hy meen op grond van Calvyn se kommentaar by Hand. 11:23, Ps. 119:101–102 en 143:2 dat Calvyn in die kerk net ’n klein getal ware gelowiges gesien het. Wanneer ek Calvyn egter lees, maak hy ook hier nie ’n onderskeid tussen gelowiges en hipokriete in die kerk nie, maar tussen gelowiges wat tot die einde kragtig vashou aan die regte leer en die wat dit nie doen nie: ’n onderskeiding tussen die wat ’n diep sonde en genadebesef het en die wat dit nie het nie. Maar Calvyn aanvaar sowel die „geloofshelde” as die „swakkes” nog as gelowiges en maak nie van laasgenoemde hipokriete nie. Die vraag is of die verkeerde interpretasie wat Floor en Pronk van Calvyn gee, nie teruggevoer moet word na groepe in die Christeljk Gereformeerde Kerken nie?

DIE HUIDIGE TOEDRAG VAN SAKE

In S.A. het die radio met sy groot publisiteit aan Kwa-Sizabantu die Pentekostalisme baie versterk. Die onlangse program „Dit het met my gebeur” het dit verder beklemtoon. Die besoeke van Gereformeerde professore, predikante en ander by Kwa-Sizabantu, Sacla, Hatfield-Baptiste in Pretoria en die EE3 kursusse het die klimaat bevorder dat al meer Gereformeerdes gaan kers opsteek by pentekostalistiese instellings.

REFORMASIE

Ek aanvaar dat die motiewe van die broeders van wie ek verskil eg en opreg is. Hulle soek bo alles vernuwing en reformatie in die kerk. Daarin is ons eens. Ek sou 'n volgende keer ook graag daarvoor wou handel. Wanneer ons mekaar dus waarsku, moet dit nie as verkettering of verdagmakery gesien word nie. Selfs wanneer ons soms met mekaar ongeduldig word, is dit nog altyd omdat ons mekaar en die waarheid liefhet. Ek mag egter nie swyg nie as my broeder na my beste wete 'n verkeerde weg bewandel nie.

-
- 1 Adams J. E. *Decisional Regeneration* 1, 2, 3 Sword and Trowel Publishers, Publishers, Allentown, Pennsylvania, 1973, p. 31.
 - 2 Van der Walt, B. J. *in* Die Kerkblad 22 Julie 1981, p. 1.
 - 3 Van Rooy, J. A. *Sendingwerk: Wat, Waarom, Wie, Hoe?* IBC-studiestuk 135, Maart 1979, p. 1.
 - 3a Grosheide, F. W. *Efeziërs. In* Kom. op het N.T. 1960, p. 17.
 - 4 Van Rooy, *Sendingwerk* . . . p. 4.
 - 5 Torrey, R. A. *Die Heilige Gees, Wie Hy is en wat Hy doen. Vertaal deur* Kriel, T. Hart-kolportasie-boekery, Kemptonpark, 1976^a.
 - 6 Torrey, R. A. *Hoe om te bid. Vertaal deur* Kriel, T. Hart-kolportasie-boekery, Kemptonpark, 1965^a.
 - 7 Torrey, *Die Heilige Gees* . . . p. 126.
 - 8 Van Rooy, *Sendingwerk* . . . p. 8.
 - 9 Jonker, W. D. *Die Gees van Christus. N.G. Kerkboekhandel, Pretoria, 1981. p. 212-213.*
 - 10 Torrey, *Die Heilige Gees* . . . p. 117.
 - 11 Torrey, *Die Heilige Gees* . . . p. 119.
 - 12 Floor, L. *Hy wat doop met die Heilige Gees, N.G. Kerkboekhandel, Pretoria, 1979, p. 35.*
 - 13 Van der Walt, *in* Die Kerkblad 29 Julie 1981.
 - 14 Van Rooy, J. A. *in* Die Kerkblad 18 Junie 1980.
 - 15 Floor, L. *in* Die Kerkblad 25 Junie 1980.
 - 16 Floor, L. *in* Die Kerkblad 3 Sept. 1980.
 - 17 Floor, L. *in* Die Kerkblad 2 Julie 1980.
 - 18 Floor, L. *in* Die Kerkblad 3 Sept. 1980.
 - 19 Krusche, W. *Das Wirken des Heiligen Geistes nach Calvin, 1957, p. 317.*
 - 29 Brief in my besit.
 - 21 Pronk, C. *Experimental roots of Dutch Calvinistic Preaching (Bandjie versprei deur Ds. P. J. Buys, Vereeniging).*